# WorksheetCloud.com - Memorandum

**Vak:** Graad 9 Afrikaans HT

**Onderwerp:** Afrikaans HT: Eksamen Kwartaal 4

**Punte:** 114

---

**1.** WAAR — 2

**Verduideliking:** **Direkte rede** sê vir jou dat dit die **direkte** woorde is van die persoon wat praat.

---

**2.** Werner sê: "Ek sien Annie se blou oë."
"Ek sien Annie se blou oë" sê Werner. — 3

**Verduideliking:** Hierdie sinne kry 'n dubbelpunt (:) en aanhalingstekens (" ") om te wys waar die persoon se direkte woorde begin en eindig.

---

**3.** WAAR — 2

**Verduideliking:** - Punte word na afkortings gebruik: hfst. - hoofstuk
- By afkortings wat gevorm word deur die letters van opeenvolgende woorde, kom daar ’n punt na elke letter van die afkorting: a.g.v. - as gevolg van.

---

**4.** WAAR — 2

**Verduideliking:** O!  Eina! Sjuut! Foeitog! Ag tog!

Hierdie is almal voorbeelde van tussenwerpsels wat met klanknabootsing gepaard gaan.

---

**5.** WAAR — 2

**Verduideliking:** Iemand wat 'n uitsonderlike netjiese voorkoms het.

---

**6.** ONWAAR — 2

**Verduideliking:** 'n Kappie rek die vokaalklank in 'n woord, bv. môre, brûe.

---

**7.** ONWAAR — 2

**Verduideliking:** Bedrywende vorm: Johan het die boek geskeur.
Lydende vorm: Die boek is deur Johan geskeur.

---

**8.** B — 4

**Verduideliking:** Die vaste uitdrukking (idioom) **kluitjies bak** word gebruik om te verwys na iemand wat jok.

---

**9.** D — 4

**Verduideliking:** Punktuasie soos uitroeptekens en vraagtekens word gebruik om vrae, uitroepe en bevele aan te dui.

---

**10.** B — 4

**Verduideliking:** 'n Dubbelpunt kom voor woorde wat in die direkte rede aangehaal word.

Byvoorbeeld, Johan sê: "Dit is vriesend koud buite."

---

**11.** Jacques skree: "Eina, jy trap op my toon!" — 3

**Verduideliking:** Die uitroepteken word na bevele, uitroepe, wense en waarskuwings gebruik, bv. As ek net vroeër begin leer het! Pasop!

Hierdie sin is in die direkte rede en daarom gebruik ons aanhalingstekens voor en na Jacques se direkte woorde.



Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.

**12.** (1) "

(2) Hou

(3) ?

(4) "

8 (2 per antwoord)

**Verduideliking:** Leestekens soos aanhalingstekens, dubbelpunte, punte, vraagtekens, uitroeptekens ensovoorts wys vir ons watter tipe sin dit is.

**13.** C 4

**Verduideliking:** Die eerste letter van die woord, bv. s. (sekonde) word gebruik, soms plus die eerste letter van die volgende lettergreep bv. meervoud (mv.), of die eerste en laaste letter, bv. dr (dokter).

**14.** C 4

**Verduideliking:** Die werkwoord is die belangrikste woord in 'n sin en is daarom maklik om uit te ken. Tipiese werkwoorde is: eet, loop, praat, spring en ry.

**15.** B 4

**Verduideliking:** Dit is 'n sin wat uit 'n hoofsin, sonder bysinne bestaan. Dit is dus 'n enkelvoudige sin.

**16.** C 4

**Verduideliking:** Om die tyd te bepaal, kyk ons na “het” en “ge-“ in die sin. Dit wys die sin is in die verlede tyd.

**17.** rieme 3

**Verduideliking:** Jou rieme styfloop beteken In die moeilikheid beland.

**18.** Persoonlike Identifikasienommer 3

**Verduideliking:** Jou ID (Identifikasie Dokument) en jou PIN is nodig vir veiligheid en privaatheid, want dit is jou eie unieke identifikasie.

**19.** Voorsetsels 3

**Verduideliking:** **Voorsetsels** dui die relatiewe posisie of verhouding tussen twee elemente aan. Voorbeelde van voorsetsels: **voor/agter/bo-op/onder/langs/binne-in/onderaan**

**20.** Die man wat daar loop, is my oom. 3

**Verduideliking:** Die hoofsin het een werkwoord en kan alleen staan en die bysin is ondergeskik daaraan.

**21.** Hy het eers geëet, toe het hy gaan speel. 3

**Verduideliking:** DAWN - woorde dui die teenwoordige tyd aan. Hierdie woorde verander in die verlede tyd. (Dan, As, Wanneer, Nou)

"Dan" verander na "toe" in die verlede tyd. Die res van die sin verander ook.

**22.** toilet 3

**Verduideliking:** Die volgende eufemismes kan gebruik word om te sê dat jy toilet toe moet gaan:

- Ek moet die kamer verlaat.
- Ek moet badkamer toe gaan.
- Ek moet my neus gaan poeier.
- Ek moet die ruskamer besoek.

**23.** Wie het die wasgoed gewas? 3

**Verduideliking:** Deur wie is die brood gekoop? - Wie het die brood gekoop? - Die woord "deur" dui die lydende vorm (passief) aan en word nie in die bedrywende vorm (aktief) gebruik nie.

**24.** My broer sal die geskenk betyds koop. 3

**Verduideliking:** My broer sal die geskenk betyds koop.

In die Lydende Vorm verander werkwoord 1 soos volg: Toekomende Tyd - sal
In die Lydende Vorm verander werkwoord 2 soos volg: Toekomende Tyd - ge-werkwoord + word


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.

**25.** (1) blits — 4 (2 per antwoord)

(2) sneeu

**Verduideliking:** **Vergelyking:** Twee sake van verskillende aard word met mekaar vergelyk omdat hulle in sekere opsigte ooreenkomste toon. Ons gebruik vergelykende woorde soos **soos, nes, asof** en **net soos.**

---

**26.** (1) dr. — 6 (2 per antwoord)

(2) a.g.v.

(3) i.p.v.

**Verduideliking:** **Woordgroepe** word afgekort deur die beginletters van die woorde, bv. d.w.s. (dit wil sê) en i.p.v. (in plaas van).

---

**27.** (1) bywoord — 4 (2 per antwoord)

(2) tyd

**Verduideliking:** 'n Bywoord beskryf 'n werkwoord. Jy kan toets watter soort bywoord dit is deur te vrae: "waar, wanneer, hoe, hoeveel?" te vra.

---

**28.** (1) saamgestelde sin — 6 (2 per antwoord)

(2) enkelvoudige sin

(3) veelvoudige sin

**Verduideliking:** 'n Enkelvoudige sin het net een gesegde, 'n veelvoudige sin bestaan uit minstens twee hoofsinne en 'n saamgestelde sin bestaan uit minstens een hoofsin en een bysin wat elk sy eie gesegde het.

---

**29.** (1) sal — 8 (2 per antwoord)

(2) wees

(3) was

(4) gewees

**Verduideliking:** As die tyd van sinne verander, verander en skuif die werkwoorde.

**Koppelwerkwoorde**:
“is” word “was”, “gewees” aan die einde van die sin opsioneel.

Ek is siek.
Ek was siek (gewees).

“sal” na onderwerp, “is” word “wees” en skuif na die einde van die sin.

Ek is siek.
Ek sal siek wees.

---

**30.** (1) hond — 8 (2 per antwoord)

(2) bome

(3) blindes

(4) mus

**Verduideliking:**
- Haastige hond verbrand sy mond. = Haastigheid het dikwels negatiew gevolge.
- Hoë bome vang die meeste wind. = Mense in belangrike posisies kry die meeste kritiek.
- In die land van die blindes is eenoog koning. = In 'n groep waar almal onkundig is, blink die persoon uit wat 'n bietjie kennis het.
- Kop in een mus. = Mense wat saam konkel.

---

30 Vrae, 3 Bladsye


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.